

6 Januarie - AANSIEN

Skrifgedeelte: Matteus 22:15-22 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 22:16

Ons Here Jesus het nooit doekies omgedraai as dit by Woordverkondiging gekom het nie. Uit sy mond was die Woord altyd skerper as 'n tweesnydende swaard. Selfs sy teëstanders, die Fariseërs, het daarvan getuig: "Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie." Een maal het die Fariseërs darem die waarheid gepraat! Hulle het raakgesien dat Jesus nie let op die aansien van persone nie.

Tog is dit hierdie eienskap van Jesus wat hulle die meeste ontstel het. Hy het hulle maklik slange of witgepleisterde grafte genoem, en hulle werkheiligheid, hulle skynheiligheid en hulle gebrek aan geloof en egtheid aan die kaak gestel. Hulle was mense van aansien in hulle eie oë, maar Jesus behandel hulle as die volk se gelykes en roep hulle op om hulle te bekeer.

Hulle sogenaamde aansien het egter tussen hulle en hulle bekering gestaan. Ons is tog mense van aansien en het nie bekering nodig nie, het hulle gedink. In plaas daarvan dat hulle dankbaar is daarvoor dat Jesus die evangelie onvervals en sonder aansien des persoons verkondig, sweer hulle eerder saam om vir Jesus strikke te stel, en uiteindelik het hulle Hom laat vermoor.

Vandag nog is daar mense wat dink dat hulle nie bekering nodig het nie. Hulle het so 'n hoë dunk van hulleself dat hulle glo dat God se Woord vir almal geld, behalwe vir belangrike mense soos hulle. So staan hulle aansien ook tussen hulle en hulle bekering.

Daarteenoor moet ons dankbaar wees dat die Woord sonder aansien des persoons na ons toe kom, en moet ons ons bekeer en uit dankbaarheid God se Woord nougeset gehoorsaam met die wete: God se Woord geld vir almal, of ek nou belangrik is of nie!

Sing: Psalm 36:1 (1936-beryming)

Ds HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)